

Kyk ook verder as belasting met uittree-annuïteite

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Dit is 'n week voor die einde van die meeste mense se belastingjaar. En ek glo baie word toegegooi met aanbiedinge om nou in 'n uittreeannuïteit (UA) te belê vanweë die belastingvoordele daarvan.

Loop maar lig as die belastingstert die beleggingshond begin swaai. Daar

is meer aan behoorlike finansiële beplanning as net belasting.

Moenie my verkeerd verstaan nie - 'n UA het beslis belastingvoordele. Die premie is aftrekbaar tot 27,5% van die inkomste (of R350 000, watter een ook al die minste is). As jou inkomste byvoorbeeld meer as R708 311 per jaar is, sal jy 'n belastingbesparing van 41% kry op bydraes tot 'n UA. Anders gestel, dit kos jou net R59 om R100 op belegging te kry. En dan is die groei in die belegging op daardie R100 nog belastingvry ook.

Nou, ek het so 'n paar maande gelede 'n skelbrief van 'n rekenmeester daar uit Springs se wêreld gekry wat sê

ek praat snert toe ek hieroor geskryf het. Ja, daar is van hulle ook, so moenie jou ore uitleen nie - daar is beslis belastingvoordele.

Maar voordat jy jou hele finansiële toekoms in 'n belastinghanddoek gaan toedraai, is daar 'n paar kwessies waarvoor jy moet nadink.

■ **Likiditeit.** In 'n UA is jou geld vas tot die ouderdom 55 jaar. Jy kan glad nie daarby uitkom nie. En dis wet. Ná 55 jaar kan jy slegs een derde onttrek. Met die res moet jy 'n pensioen koop. Spaar dus so dat jy wel toegang het tot geld sou die nood druk.

■ **Skuld.** Betaal jy af aan 'n huis? Dit is goeie skuld, so ek is gemaklik hiermee.

Maar het jy ander skuld, veral die tipe skuld waarop jy hoë rente moet betaal? Wat jy moet weet van skuld is dat jy dit afbetaal met nabelaste geld. As jy dus kom ons sê 15% rente betaal op daardie skuld en jou marginale belastingkoers is 36% (jou belasbare inkomste is tussen R410 461 en R555 600), moet jy 'n opbrengs van meer as 23,44% kry om beter te doen.

'n Seker jaarlikse opbrengs van meer as 23,44% bestaan nie. So, dis eenvoudig beter om jou skuld af te betaal.

Maar wat van die belastingaftrekbaarheid van die premie? Dis tog 'n bykomende voordeel, soos hierbo verduidelik.

Vir die meeste lesers is die bydrae tot 'n UA 'n bykomende bydrae vir aftrede, want hulle is reeds lid van 'n werkgewer se pensioen- of voorsorgfonds. Ons praat dus nie van die hele R350 000 nie, ons praat van baie kleiner bedrae en die besparing sal afhang van jou inkomste en marginale koers. Maar ek sou sê raak ontslae van skuld. En moet dan nie weer gaan skuld maak nie, anders het jy niks bereik nie.

■ **Polis-UA's.** Sommiges verwys hierna as kontraktuele spaarplanne. Jy benodig nie 'n kontrak om te spaar nie - jy benodig dissipline. En as jy dit nie het nie, gaan geen kontrak jou help nie. Die ouens wat die meeste voordeel uit

die goed trek, is die polissmouse en die versekeraars. Hy of sy kry kommissie, bereken oor die termyn van die "kontrak", en die versekeraar neem sy gelde oor dieselfde termyn en dit staan as 'n skuld teen jou belegging.

Vermyn die goed liewer. Jou belastingvoordeel is eenvoudig nie hierdie skuld werd nie, veral nie as jy boonop nog met ander skuld sukkel ook nie.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen*